

KULTIVAR-EIENSKAPPE

KORING :

- SST 88 :**
- Lang groeiperiode met droogteverdraagsaamheid.
 - Presteer in gebiede met wisselvallige reënval.
 - Het goeie stoelvermoë en doen goed waar plantertegnologie ten opsigte van minimum bewerking die algemene praktyk is.
 - Matige weerstand teen streeproes maar baie vatbaar vir blaar- en stamroes. Goeie graan en bakeienskappe.
- SST 015 :**
- 'n Hoë potensiaal kultivar met uitstekende opbrengs.
 - Is pitvas met medium- kort groeiperiode.
 - Uiters geskik vir droër gebiede waar korter groeiers beter presteer en plantertegnologie ten opsigte van minimum bewerking die algemene praktyk is.
 - Weerstand teen streeproes, matig vatbaar vir blaarroes en vatbaar vir stamroes.
 - Goeie kwaliteitseienskappe.
- SST 027 :**
- 'n Hoë potensiaal kultivar, uiters geskik vir alle gebiede.
 - Lewer uitstekende opbrengs veral waar plantertegnologie ten opsigte van minimum bewerking die algemene praktyk is.
 - Is pitvas met medium- lang groeiperiode.
 - Weerstand teen streeproes en matig vatbaar vir blaar- en stamroes.
 - Baie goeie kwaliteitseienskappe.
- SST 056 :
(Lisensie ooreenkoms)**
- Nuwe Sensako koringkultivar. Pitvas met 'n medium-kort groeiperiode.
 - Aarverskyning is normaalweg 6 dae later as die van SST 015.
 - Hierdie kultivar is 'n hoë potensiaal kultivar met uitstekende opbrengs.
 - Uiters geskik vir droër gebiede waar korter groeiers beter presteer en plantertegnologie ten opsigte van minimum bewerking die algemene praktyk is.
 - Matig vatbaar vir stamroes, matige weerstand teen blaar- en streeproes.
 - Goeie kwaliteitseienskappe en skakel goed in by die huidige pakket van kultivars wat Sensako bemark.
- SST 087 :
(Lisensie ooreenkoms)**
- Nuwe Sensako koringkultivar. Hierdie kultivar het 'n lang groeiperiode soos SST 88. SST 087 is 'n hoë potensiaal kultivar met uitstekende opbrengs.
 - Dit is 'n stabiele kultivar en goed aangepas vir alle gebiede waar plantertegnologie ten opsigte van minimum bewerking die algemene praktyk is.
 - Hierdie kultivar het weerstand teen streep- en blaarroes en vatbaar vir stamroes. SST 087 het goeie uitloopweerstand en sal goed inskakel by die huidige pakket van kultivars wat Sensako bemark.
- KWARTEL :**
- Medium groeiseisoen kultivar. Goeie siekteverdraagsaamheid. Word aanbeveel vir 'n later aanplanting in die Rûens en Swartland produksiegebiede.
 - Matige weerstand teen Blaarroes en Streeproes.
- RATEL :**
- Medium groeiseisoen kultivar. Baie goeie siekteverdraagsaamheid. Word aanbeveel vir later aanplantings in die Rûens en Swartland produksiegebiede.
 - Matige weerstand teen blaarroes en stamroes.

HAWER :

PALLINUP :

Dubbeldoel kultivar, by uitstek geskik vir die ontbytgraanmark.

Wyd aangepas, selfs op ligter gronde.

Kort tot mediumgroei-seisoenlengte.

Skepelgewig goed.

SSH 421 :

- Het nie kroonroesweerstand.
- Kan 6 - 8 weke na plant wei.
- Goeie herstelvermoë na wei.
- Kultivar uiters geskik om kUILvoer van te maak.
- Ook 'n goeie kultivar om te wei.

SSH 491:

- 'n Puik dubbeldoelhawer.
- Medium tot laat graantipe lentekultivar hawer ook geskik vir hooimaak.
- Beter graanopbrengste as die norm vir hawerproduksie en het 'n hoë skepelgewig.
- Waar SSH 491 vir hooimaak aangeplant word, is dit belangrik dat hooimaak in die sagtedeegstadium gesny word om optimale kwaliteit te verseker.

SSH 405 :

- Die hawer met roesweerstandbiedendheid.
- Uitstaande kenmerk van SSH 405 is die weerstandbiedendheid teen kroon - en stamroes.
- 'n Lentetipe wat geskik is vir graanproduksie.
- Met die hoë biomassa wat dit lewer, is dit ook ideaal vir inkuil.

NUGENE :

- 'n Kultivar met 'n hoë vegetatiewe opbrengspotensiaal wat hoog is in ru-proteïene en metaboliseerbare energie.
- Nugene is 'n lang groeiseisoen kultivar met uitstekende groeikragtigheid vir 'n vroeë, eerste weiding. Langer groeiperiode.

SIMONSBERG :

- 'n Lentetipe medium lang groeiseisoen kultivar.
- Planthoogte ± 135 cm
- Uitstekende opbrengs en Hektolitermassa.
- Geskik vir weiding- en saadproduksie.
- Baie goeie verdraagsaamheid teen stam- en blaarroes.

KOROG :

- Korog vir graanproduksie moet vroeër as koring (tot soveel as 7 dae) gesaai word. Indien vroeg genoeg gesaai en bewei (40 dae na opkoms) kan al die kultivars in 'n normale seisoen een keer bewei word sonder 'n verlaging in graanopbrengs. Druk beweiding word aanbeveel.
- Bemesting is soos vir koring. Korog is baie gevoelig vir hormoon-bevattende onkruidodders en die gebruik daarvan word nie aanbeveel nie. Origens word dieselfde middels en dosisse soos vir koring aanbeveel. Alle korog kultivars is weerstandbiedend teen russiese luis.

REX :

- Presteer beter op die swakker marginale gronde.
- REX is weerstandbiedend teen geel- en stamroes en matig vatbaar vir blaarroes.
- Dae tot aar : 102 dae

US 2007 :

- US 2007 kan geklassifiseer word as 'n medium tot lang groeiseisoen kultivar. Sikteweerstand is goed.
- US 2007 het weerstand teen Blaar- ,stam- en geelroes.
- Dae tot aar : 102 dae

LUPIENE :

SSL 10 : (Bitterlupien, smalblaar)

Planttyd

- April / Mei
- Arm, suur, sanderige gronde. Lupiene moet nie op hoë pH gronde gevestig word nie. Bitterlupiene is onsmaklik gedurende die vegetatiewe groeistadium a.g.v. hoë alkaloid inhoud. Belangrike wisselbougewas in rotasie met kleingrane (Bind lugstikstof).
- Die hoë proteïen-inhoud van die saad maak dit ook 'n uitstekende weidingsgewas. 'n Duisendkorrelmassa van 150 g en meer verseker goeie groeikragtigheid en stand. Ideale plantestand is 45 - 50 plante per vierkante meter.

MANDELUP : (Soetlupien,smalblaar)

- Dieselfde aanpassing as vir bitterlupien, maar saad het baie lae alkaloid vlakke. Hoë waarde as diervoeding en prikkelvoeding.
- Opbrengs hoër as ander soet smalblaar kultivars.

VOERERTE:

Slovan : Mikpunt om 45 tot 55 plante/m² te kry. Neem Duisendkorrelmassa in ag wanneer saaidigtheid bepaal moet word. Beter om hoër plantestand te hê, aangesien gewas beter met onkruid kompeteer en beter regop bly staan.

GARS:

SabbiErica :

SabbiErica is 'n kultivar met hoë opbrengspotensiaal, medium hoë vetkorrel en medium stikstof en word vir al die produksiegebiede aanbeveel. Moet nie SabbiErica op sy eie stoppel plant nie.

Saaidatum
Saaidigtheid

- Medium rypheid. Saaidatum soos vir SSG 564.
- Stoelvermoë van SabbiErica is beter as die van SSG 564. Saaidigtheid kan daarom ongeveer 5 % laer wees as die van SSG 564.

Stikstof
Strooilengte
Strooisterkte
Weerstand

- Medium. Bemesting soos vir SSG 564
- Medium
- Goed
- Vatbaar vir blaarvlek, blaarroes en die koltipe netvlek. Matig vatbaar vir die nettipe netvlek. Vir beheer van netvlek word 'n vroeë bespuiting (ongeveer 6-8 weke na opkoms) met 'n swammiddel wat geen karbendazim bevat nie, aanbeveel. Spsuitmiddel met karbendazim is geneig om netvlek infestasië te verhoog. Die eerste bespuiting kan op 'n later stadium, indien enige van die swamsiektes teenwoordig is, met enige geregistreerde swamdoder opgevolg word.
- Evalueer elke seisoen volgens sy eie meriete, aangesien swamsiektes se voorkoms en intensiteit van seisoen tot seisoen verskil. Pas u keuse vir 'n swammiddel hierby aan.

S 9 :

S 9 is 'n kultivar met hoë opbrengspotensiaal, medium vetkorrel en medium stikstof en word aanbeveel vir al die verbouingsgebiede in die Suid- Kaap.

Saaidatum	- S 9 het 'n medium rypheid. Saaidatum soos vir Erica.
Saaidigtheid	- S 9 het 'n aanvanklike regop groeiwyse en die stoelvermoë is effens swakker as Erica. Dit kan teen 'n plantdigtheid van ongeveer 5 % hoër as Erica geplant word.
Stikstof	- Die korrelstikstof van S 9 is dieselfde as die van Erica en kan soos Erica bemes word.
Strooilengte	- Medium kort strooilengte met goeie strooiersterkte.
Pedunkelsterkte	- Medium sterk pedunkel.
Weerstand	- Vatbaar vir blaarvlek en blaarroes. Matig vatbaar vir die nettipe en koltipe netvlek. Vir beheer van netvlek word 'n vroeë bespuiting (ongeveer 6-8 weke na opkoms) met 'n swammiddel wat geen karbendazim bevat nie, aanbeveel. Spuitmiddel met karbendazim is geneig om netvlek infestasië te verhoog. Die eerste bespuiting kan op 'n later stadium, indien enige van die swamsiektes teenwoordig is, met enige geregistreerde swamdoder opgevolg word. - Evalueer elke seisoen volgens sy eie meriete, aangesien swamsiektes se voorkoms en intensiteit van seisoen tot seisoen verskil. Pas u keuse vir 'n swammiddel hierby aan.

S 12 :

S 12 is 'n kultivar met hoë opbrengspotensiaal, hoë vetkorrel en medium stikstof en word aanbeveel vir al die verbouingsgebiede in die Suid- Kaap.

Saaidatum	- S 12 het 'n medium rypheid. Saaidatum soos vir Erica.
Saaidigtheid	- S 12 het 'n aanvanklike plat groeiwyse en goeie stoelvermoë. Dit kan teen dieselfde plantdigtheid as Erica geplant word.
Stikstof	- Die korrelstikstof van S 12 is dieselfde as die van Erica en kan soos Erica bemes word.
Strooilengte	- Medium kort strooilengte met goeie strooiersterkte.
Pedunkelsterkte	- Medium sterk pedunkel.
Weerstand	- Matig vatbaar vir die nettipe en koltipe netvlek. Weerstandbiedend teen Blaarvlek en Blaarroes. Vir beheer van netvlek word 'n vroeë bespuiting (ongeveer 6-8 weke na opkoms) met 'n swammiddel wat geen karbendazim bevat nie, aanbeveel. Spuitmiddel met karbendazim is geneig om netvlek infestasië te verhoog. Die eerste bespuiting kan op 'n later stadium, indien enige van die swamsiektes teenwoordig is, met enige geregistreerde swamdoder opgevolg word. - Evalueer elke seisoen volgens sy eie meriete, aangesien swamsiektes se voorkoms en intensiteit van seisoen tot seisoen verskil. Pas u keuse vir 'n swammiddel hierby aan.